

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknr : 1843/2002

In die aansoek tussen:

**ASSOSIASIE VAN WELSYNSORGANISASIES
EN ORGANISASIES SONDER WINSOOGMERK**

Applikant

en

**DIE LUR VIR MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
VAN DIE PROVINSIE VRYSTAAT**

Eerste Respondent

**DIE DEPARTEMENTSHOOF VAN DIE DEPARTEMENT
MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING, PROVINSIE VRYSTAAT**

Tweede Respondent

AANGEHOOR OP: 25 JULIE 2002

AANGEHOOR DEUR: HANCKE R

GELEWER OP: 7 AUGUSTUS 2002

UITSPRAAK DEUR: HANCKE R

Applikant doen aansoek om 'n bevel, onder andere, met die volgende strekking:

- (a) Dat die administratiewe optrede van die respondente om die betaling van subsidies aan die lede van die applikant sedert 1 April 2002 te staak, hersien, vernietig en tersyde gestel word; **alternatiewelik** dat verklaar

word dat die respondente nie geregtig is om die ondertekening van kontrakte as voorvereiste te stel vir die uitbetaling van subsidies aan welsynsorganisasies nie en nie geregtig is om 'n voorwaarde te stel soos wat vervat is in klousule 5.16 van aanhangsel "WJB13" tot die funderende eedsverklaring nie;

- (b) Dat respondente gelas word om, teen lewering van die toepaslike sertifikaat in terme van die bepalings van artikel 38(1)(j) van Wet 1 van 1999, aan die lede van die applikant soos uiteengesit op aanhangsel "WJB2" die subsidies te betaal wat reeds goedgekeur is ten aansien van elke sodanige lid vir die fiskale jaar 2002/2003; **alternatiewelik** om voort te gaan met betaling van dieselfde maandelikse bedrae ten aansien van subsidies as wat vir die fiskale jaar 2001/2002 aan elke sodanige lid betaal is.

Daar is ook ander regshulp vervat in die kennisgewing van mosie, maar het mnr Raath, advokaat namens applikant, te kenne gegee dat hy nie langer daarvoor vra nie.

Mnr Van der Merwe, advokaat namens die respondente, het by die aanvang van die verrigtinge dit op rekord geplaas dat die respondente tender om die bepalings van klousule 5.16 van die ooreenkoms terug te trek, ten einde applikant in staat te stel om die balans van die ooreenkoms te onderteken. In wese kom mnr Van der Merwe se betoog daarop neer, indien ek hom korrek verstaan het, dat die Wet op Maatskaplike Bystand, nr 59 van 1992 voorsiening daarvoor maak dat die eerste respondent finansiële toekennings aan sekere organisasies kon maak, onderhewig aan sekere terme en/of voorwaardes. Hy het verder betoog dat daar geen spesifieke besluit of resoluë was wat aanleiding gegee het tot die administratiewe optrede nie. Hy het ook aangevoer dat die eerste respondent in die algemeen statutêr gemagtig was om uitbetalings te maak onderhewig aan die nakoming van sekere voorwaardes, insluitende die voorwaardes vervat in die voorgestelde kontrak.

Ten opsigte van die alternatiewe regshulp, het hy aangevoer dat applikant sy aanspraak baseer op 'n legitieme verwagting ("legitimate expectation") dat die kontrak nie geïmplimenteer sou word alvorens verdere onderhandelinge plaasvind nie en dat die ooreenkoms waarop die legitieme verwagting gebaseer sou wees, ernstig betwis word deur die respondente, welke feitegeskil nie op die stukke besleg kan word nie. In die lig van die eerste respondent se aanduiding dat verdere onderhandelinge kan plaasvind, het hy aan die hand gedoen dat 'n verklarende bevel ten opsigte van die afdwingbaarheid van klousule 5.16 onvanpas en onnodig is. Ten opsigte van die inmenging van die eerste respondent se diskresie, het hy daarop gewys dat 'n hof nie ligtelik daarmee sal inmeng, selfs al sou dit daarmee verskil. **DURBSINVEST (PTY) LTD v TOWN AND REGIONAL PLANNING COMMISSION, KWAZULU-NATAL, AND OTHERS** 2000(4) SA 103 (N) te 107H.

Applikant in hierdie saak verteenwoordig verskeie welsynsorganisasies wat kragtens artikel 13(1) van die Nasionale Welsynswet, 1978 (Wet nr 100 van 1978) geregistreer is, of organisasies wat nie so geregistreer is nie wat dan maatskaplike welsynsdienste sonder winsoogmerk lewer, soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Maatskaplike Bystand, Nr 59 van 1992 (soos gewysig).

Dit is gemenesaak dat die lede van die applikant sowat 1 700 maatskaplike en ander werknemers in diens het en in die afgelope fiskale jaar welsynsdienste en sogenaamde "statutêre dienste" gelewer het aan ongeveer 100 000 inwoners van die Vrystaat, waarvan verreweg die oorgrote meerderheid uit die voorheen benadeelde gemeenskappe is. Elkeen van die lede van die applikant het finansiële toekennings ("financial awards") vanaf die respondente ontvang vir die verrigting van welsynsdienste tot en met 31 Maart 2002, betaalbaar voor/op 21 April 2002, op welke datum die respondente betaling van sodanige subsidies gestaak het.

Applikant steun daarop dat, volgens bestaande praktyk oor etlike dekades heen, hierdie subsidies maandeliks betaalbaar was voor of op die 21ste dag van elke maand gedurende die loop van elke fiskale jaar. Eerste respondent antwoord

hierop soos volg:

“By reason of the refusal by the members of applicant to enter into the required service level agreements with second respondent, payment of financial awards for the fiscal year 1 April 2002 until 31 March 2003 were not made. It is also by reason of the foregoing not correct or true to state that financial awards for the months of April and May 2002 were already payable by date of launching of the application.”

Later verklaar sy:

“In terms of this agreement (“WJB13”) the Department undertakes to transfer in the financial year 2002/2003 a fixed amount for stated purposes, which amount will be paid in **twelve monthly payments from 30 April 2002.**”

(My beklemtoning)

Die omvang van die welsynsdienste waarby applikant se lede betrokke is, blyk uit die feit dat 4 van die 6 kinderhuise in die Vrystaat (40% van hierdie kinders onder 18 jaar), uit voorheen benadeelde gemeenskappe is; 519 van die kinders wat deur die NG Maatskaplike Dienste (hierinlater na verwys as “NGMD”) versorg word, is kinders wat deur houe onder verskillende statutêre bepalinge vir versorging na kinderhuise verwys is. Verder blyk dit dat 96 kinders deur die NGMD in verskeie jeugsentrums versorg word, almal waarvan deur houe na hierdie sentra verwys is. Daar is ook ‘n tehuis vir ongehuide moeders. Die NGMD en Oranje Vrouevereniging (afgekort as “OVV”) bedryf gesamentlik 31 ouetehuse.

Die NGMD en OVV bedryf gesamentlik 30 gemeenskapsprojekte vir bejaardes, asook 33 sub-ekonomiese behuisingskemas vir bejaardes. Die OVV bedryf 10 preprimêre skole met altesame 595 kinders, 11 speelgroepe met 476 kinders, ‘n versorgingsoord vir 14 kinders, en 2 naskoolse studentesentrums met 44 kinders. Dit is bloot ‘n aanduiding van die omvang van die welsynsdienste wat deur lede van die applikant verskaf word. Dit blyk dat die primêre bron van

befondsing van hierdie verenigings bestaan uit vrywilligers wat byvoorbeeld pannekoeke en koeksisters bak en dit verkoop, terwyl die balans verkry word deur subsidies vanaf die Staat wat sowat $\frac{1}{3}$ van die jaarlikse begroting uitmaak.

In applikant se funderende eedsverklaring word beweer dat lede van die applikant hulle aansoeke om finansiële bystand ingedien het voor of op 15 Januarie 2002. Sommige van die lede het gedurende Februarie kennis gekry van die toestaan van die subsidies, en andere gedurende Maart 2002. Die nodige fondse vir die finansiële toekennings aan lede van die applikant was alreeds begroot en goedgekeur gewees. Daarna, ongeveer aan die begin van April 2002, is die kontrak aan lede van die applikant gestuur waarteen die applikant huidiglik beswaar maak. Die brief wat dit vergesel het, is ongedateerd maar lui in die laaste paragraaf soos volg:

“Please peruse the document, sign it if you agree and return it to your Departmental provincial office not later than 9 April 2002. Should you need a discussion on this document a date can be made with the provincial offices’ officials.”

Applikant beweer dat soortgelyke briewe eers op 10 April 2002 deur van sy lede ontvang is met die versoek dat dit teen 14 April 2002 aan die respondent teruggestuur moes word. Daarna het applikant ‘n skrywe gedateer 18 April 2002 aan respondente gerig, as gevolg waarvan ‘n samespreking plaasgevind het op 17 April 2002, waarna tweede respondent te kenne sou gegee het dat sekere aspekte, spesifiek die transformasie-eise ten opsigte van die samestelling van beheerrade, ononderhandelbaar is. ‘n Verdere skrywe is deur die applikant op 24 April 2002 aan die respondente gerig, wat onder andere lui:

“The committee would like to discuss the contents of the said Memorandum with you, and to await your feedback for an appointment in this regard.”

Geen reaksie is ten opsigte van hierdie skrywe ontvang nie. Verdere korrespondensie gerig aan die Premier het egter niks opgelewer nie. Dit is gemenesaak dat subsidies vanaf die respondente betaalbaar aan applikante,

betaal was tot en met 31 Maart 2002, op welke datum respondente betaling daarvan gestaak het. Betalings wat daarna geskied het, is ingevolge 'n tydelike skikking tussen die partye, sonder benadeling van die respondente se regte daartoe.

Voorafgaande die bogemelde optrede, blyk dit dat die respondente op 'n stadium diensspesifikasies ("service specifications") aan lede van die applikant versprei het, welke dokumentasie deel vorm van die stukke. Na aanleiding hiervan is daar onderhandelinge tussen die partye gevoer op 31 Oktober 2001. Na aanleiding van notas wat deur 'n senior amptenaar van die respondente, dr Sampson, gemaak is, word onder andere die volgende genotuleer:

"The Forum also voiced their concern regarding unilateral decisions, which are made by the Department, ie, the work specifications. Moving services from one community or town to another is not a simple matter. New donors need to be found and the interests of the staff must also be kept in mind. Job security of personnel in the private sector. Labour is a serious issue and this aspect need to be addressed. Ms Sempì said that the Department cannot ensure job security, **but can ensure the organisations that funding will not be terminated unilaterally.**"

(My onderstreping)

Onder die opskrif "**Other issues of concern discussed**" word onder andere na die volgende verwys:

"The partnership in general between the private sector and the Department which is at present not on an equal basis. Consultation between the two is very limited and the Forum is of the opinion that they can be of help in drawing up plans for future transformation that will benefit everybody."

Op die volgende bladsy van dieselfde dokument is die volgende genotuleer:

“The proposal was accepted that on a long-term basis attention be given to spelling out the principles on which the partnership should be based, the rights and responsibilities of each partner and ways and means to improve communication between the partners.”

Verder van belang is ‘n kantoormemorandum van 6 November 2001 geskryf deur dr Sampson waarin daar onder andere verwys word na die volgende aspek wat aangespreek moet word:

“The relationship between the various stake holders in the field of social welfare and in particular the rights and responsibilities of each partner and ways and means to improve communication between the partners.”

Later word na die volgende verwys:

“It is important that there is a place for all the dreams of the various partners as each and every partner is equally important. In order to do this it is necessary to formalise the partnership and this must be seen as a priority, but also to build the partnership in such a way that attitudes are positively changed.”

Onder die opskrif “PROPOSAL” word onder andere die volgende gemeld:

“3. The Department should create a possibility of a strategic team to be established which is representative of all communities and role-players in the social welfare field.

This strategic team should through the means of a ‘bosberaad’ and objective strategic planning, develop an operational plan for the Free State in which the objectives of both the Department and

the private sector are encompassed.

This process should take no longer than 6 months starting in mid-January 2002.

This joint operational plan should be communicated to all the relevant role-players by the end of September so that its objectives and priorities are encompassed in the service/business plans for the financial year 2003/04 of the role- players.”

In paragraaf 5 van dieselfde memorandum word die volgende verklaar:

“This objective should have a specific time frame so that once the joint operational plan for the Free State is available in September 2002, each organisation will know what they need to do and a platform for closer co-operation has already been established.”

Mnr Van der Merwe het in hierdie verband betoog dat hier nie sprake kan wees van ‘n legitieme verwagting, aangesien dit, soos hierbo aangetoon, onderhewig sou wees aan die bestaan van ‘n ernstige feitedispuut wat nie op die stukke besleg kan word nie. Dit blyk egter dat applikant die bewering maak in sy funderende eedsverklaring dat daar ‘n ooreenkoms bereik was op of omtrent 31 Oktober 2001, in terme waarvan daar ‘n proses van onderhandelinge sou wees met as mikpunt September 2002, ten einde konsensus te bereik oor voorwaardes wat opgelê kan en behoort te word by die toekenning van subsidies, en dat daar as gevolg hiervan ‘n duidelike verwagting geskep is dat geen voorwaarde of term gestel sou word vir die toekenning van subsidies vir die huidige fiskale jaar nie. In hierdie verband antwoord die eerste respondent soos volg:

“No agreement as alleged was entered into and therefore there is no basis for the alleged expectation and in this regard I refer to what follows hereinafter.”

In die lig van die dekadellange praktyk van gereelde betalings deur die Departement aan applikant se lede in die verlede, die langtermyn geaardheid van welsynsdienste met die vereistes van kontinuïteit wat daaraan gekoppel is tesame met die versekering van amptenare van die Departement dat fondse nie eensydig beëindig sal word nie, bied dit na my mening, voldoende basis vir die aanwending van die leerstuk van legitieme verwagting. **MINISTER OF JUSTICE, TRANSKEI v GEMI** 1994(3) SA 28 (TkA) te 32. **ADMINISTRATOR, TRANSVAAL AND OTHERS v TRAUB AND OTHERS** 1989(4) SA 731 (A) te 761E ev.

Soos hierbo aangetoon, word daar ook verwys, deur amptenare van die Departement, na die regte en verpligtinge van vennote wat klaarblyklik insluit die regte en verpligtinge van applikant se lede as deelnemers van hierdie “vennootskap”. Dit volg dat respondente nie eensydiglik, sonder dat applikant ‘n behoorlike geleentheid gegun was om aangehoor te word, ‘n verandering aan die regte en verpligtinge van applikant se lede kan aanbring deur eensydige afdwinging van voorwaardes wat nie betyds en vooraf behoorlik onderhandel is nie.

Die vraag ontstaan of die inwerkingtreding van die Grondwet, Wet 108 van 1996 enigsins ‘n wysiging van die gemenreg daarstel. Mnr Van der Merwe het in hierdie verband verwys na **PHARMACEUTICAL MANUFACTURERS ASSOCIATION OF SA AND ANOTHER: IN RE EX PARTE PRESIDENT OF THE RSA AND OTHERS** 2000(2) SA 674 (CC) waar Chaskalson, P op 692F-G die volgende verklaar:

“Since the adoption of the interim Constitution such control has been regulated by the Constitution which contains express provisions dealing with these matters. The common-law principles that previously provided the grounds for judicial

review of public power have been subsumed under the Constitution and, insofar as they might continue to be relevant to judicial review, they gain their force from the Constitution. In the judicial review of public power, the two are intertwined and do not constitute separate concepts.”

Op 708D-F word soos volg voortgegaan:

“It is a requirement of the rule of law that the exercise of public power by the Executive and other functionaries should not be arbitrary. Decisions must be rationally related to the purpose for which the power was given, otherwise they are in effect arbitrary and inconsistent with this requirement. It follows that in order to pass constitutional scrutiny the exercise of public power by the Executive and other functionaries must, at least, comply with this requirement. If it does not, it falls short of the standards demanded by our Constitution for such action.”

Artikel 33(1) van die Grondwet nr 108 van 1996 lui dat:

“Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.”

In hierdie verband verklaar die Grondwethof in **PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OTHERS v SOUTH AFRICAN FOOTBALL UNION AND OTHERS** 2000(1) SA 1 (CC) op 65A-C die volgende:

“Although the right to just administrative action was entrenched in our Constitution in recognition of the importance of the common law governing administrative review, it is not correct to see s 33 as a mere codification of common-law principles. The right to just administrative action is now entrenched

as a constitutional control over the exercise of power. Principles previously established by the common law will be important, though not necessarily decisive, in determining not only the scope of s 33, but also its content.

The principal function of s 33 is to regulate conduct of the public administration and, in particular, **to ensure that where action taken by the administration affects or threatens individuals, the procedures followed comply with the constitutional standards of administrative justice**. These standards will, of course, be informed by the common-law principles developed over decades.”
(My beklemtoning)

Ten opsigte van die funksie van die hof in hierdie verband, word in **MINISTER OF HEALTH EN ANDERE v TREATMENT ACTION CAMPAIGN EN ANDERE** (ongerapporteerde beslissing van die Grondwethof beslis op 5 Julie 2002 onder saak nr CCT 8/02) teenoor para [99] die volgende verklaar:

“The primary duty of courts is to the Constitution and the law, ‘which they must apply impartially and without fear, favour or prejudice’. The Constitution requires the State to ‘respect, protect, promote, and fulfill the rights in the Bill of Rights’ where State policy is challenged as inconsistent with the Constitution, the courts have to consider whether in formulating and implementing such policy the State has given effect to its constitutional obligations. If it should hold in any given case that the State has failed to do so, it is obliged by the Constitution to say so. Insofar as that constitutes an intrusion into the domain of the executive, that is an intrusion mandated by the constitution itself.”

Sien ook artikels 133(3) en 165(2) van die Grondwet.

Die eerste respondent se optrede, naamlik om die betaling van finansiële toekennings aan lede van die applikant te staak terwyl onderhandelinge tussen die partye nog aan die gang was, en selfs 'n "bosberaad" vir September 2002 in die vooruitsig te stel was, na my mening, onverantwoordelik en onredelik gewees. Lede van die applikant lewer noodsaaklike maatskaplike dienste aan sowat 100 000 inwoners van die Vrystaat, die meeste waarvan uit die voorheen benadeelde gemeenskappe, wat insluit bejaardes, jong kinders, noodlydendes en hulpbehoewendes. Op die respondente se eie weergawe is die Departement nie in staat om al die dienste te lewer nie. Lede van die applikant lewer van hierdie dienste namens die respondente, wie eintlik verplig is om dit te doen. Subsidies afkomstig van die Staat beloop sowat $\frac{1}{3}$ van die lede se jaarlikse begroting. Die staking van betaling moes noodwendig 'n ontwrigting van die werksaamhede van die welsynsorganisasies tot gevolg gehad het, met nadelige gevolge vir die hulpbehoewendes en ander persone hierbo na verwys.

Eerste respondent se optrede in hierdie omstandighede voldoen, na my mening, nie aan die standaard van administratiewe geregtigheid nie, soos vereis deur die Grondwet nie. **PRESIDENT VAN DIE RSA** *supra* te 65C. **PERMANENT SECRETARY, DEPARTMENT OF WELFARE, EASTERN CAPE, AND ANOTHER v NGXUZA AND OTHERS** 2001(4) SA 1184 (HHA) te 1197C-F.

Dit is ook van belang om te let op die bepalings van die Promotion of Administrative Justice Act, nr 3 van 2000 wat egter nie gemeenregtelike hersiening uitskakel nie. **METCASH TRADING LTD v COMMISSIONER, SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE, AND ANOTHER** 2001(1) SA 1109 (CC) te 1130 para [33]. Gemelde Wet omskryf 'n "beslissing", soos volg:

“ ‘**decision**’ means any decision of an administrative nature made, proposed to be made, or required to be made, as the case may be, under an empowering provision, including a decision relating to -

- (a) making, suspending, revoking or refusing to make an order, award or determination;
- (b) giving, suspending, revoking or refusing to give a certificate, direction, approval, consent of permission;
- (c) issuing, suspending, revoking or refusing to issue a licence, authority or other instrument;
- (d) imposing a condition or restriction;
- (e) making a declaration, demand or requirement;
- (f) retaining, or refusing to deliver up, an article; or
- (g) doing or refusing to do any other act or thing of an administrative nature, and a reference to a failure to take a decision must be construed accordingly.”

Daar bestaan, na my mening, geen twyfel dat eerste respondent se optrede hieronder tuisgebring kan word nie.

Die volgende artikel is ook van belang:

“3. **Procedurally fair administrative action affecting any person.** - (1)

Administrative action which materially and adversely affects the rights or legitimate expectations of any person must be procedurally fair.

(2)(a) A fair administrative procedure depends on the circumstances of each case.

(b) In order to give effect to the right to procedurally fair administrative action, an administrator, subject to subsection (4), must give a person referred to in subsection (1) -

- (i) adequate notice of the nature and purpose of the proposed administrative action;
- (ii) a reasonable opportunity to make representations;
- (iii) a clear statement of the administrative action;
- (iv) adequate notice of any right of review or internal appeal, where applicable; and
- (v) adequate notice of the right to request reasons in terms of section 5.

(4)(a) If it is reasonable and justifiable in the circumstances, an administrator may depart from any of the requirements referred to in subsection

(2).

(b) In determining whether a departure as contemplated in paragraph (1) is reasonable and justifiable, an administrator must take into account all relevant factors, including

- (i) the objects of the empowering provision;
- (ii) the nature and purpose of, and the need to take, the administrative action;
- (iii) the likely effect of the administrative action;
- (iv) the urgency of taking the administrative action or the urgency of the matter; and
- (v) the need to promote an efficient administration and good governance.

(5) Where an administrator is empowered by any empowering provision to follow a procedure which is fair but different from the provisions of subsection (2), the administrator may act in accordance with that different procedure.”

Dit is van belang dat hierdie artikel van toepassing is ten opsigte van die aantasting van regte én legitieme verwagtinge van ‘n persoon, of persone. In **DU PREEZ AND ANOTHER v TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION**

1997(3) SA 204 (A) verklaar Corbett, HR op 231G-H die volgende:

“The *audi* principle is but one facet, albeit an important one, of the general requirement of natural justice that in the circumstances postulated the public official or body concerned must act fairly. (Compare the remarks of Farlam J in **VAN HUYSSTEEN AND OTHERS NNO v MINISTER OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM AND OTHERS** 1996(1) SA 283 (C) at 304A-305D.)

The duty to act fairly, however, is concerned only with the **manner** in which decisions are taken: it does not relate to whether the decision itself is fair or not (**TRAUB**’s case *supra* at 758H-I).”

(My beklemtoning)

In **DOODY v SECRETARY OF STATE FOR THE HOME DEPARTMENT AND OTHER APPEALS** [1993] 3 All ER 92 (HL), 'n beslissing waarna verwys is in voornoemde beslissing, word 106d-h onder andere die volgende verklaar:

“Where an Act of Parliament confers an administrative power there is a presumption that it will be exercised in a manner which is fair in all the circumstances Fairness will very often require that a person who may be adversely affected by the decision will have an opportunity to make representations on his own behalf either before the decision is taken with a view to producing a favourable result, or after it is taken, with a view to procuring its modification, or both.”

Dit is duidelik uit die stukke dat daar onvoldoende kennisgewing was van respondente se voorgenome optrede (artikel 3(2)(i) van voormelde Wet), sonder dat lede van die applikant 'n redelike geleentheid gehad het om 'n voorlegging te maak (artikel 3(2)(b)(ii) van gemelde Wet). Gevolglik is die prosedure wat deur respondente gevolg het onredelik en onbillik en in belang van geregtigheid om dit tersyde te stel ingevolge die bepalings van artikel 6(2)(c) van gemelde Wet.

Die vraag ontstaan of die tender van die respondent om afstand te doen van die bepalings van klousule 5.16 van die kontrak, enige effek het ten opsigte van die uitkoms van hierdie saak. In die lig van die feit dat applikant ook besware geopper het ten opsigte van ander bepalings van hierdie kontrak, asook die prosedure wat gevolg is deur die eerste respondent hierin, is ek van mening dat dit nie die saak enigsins beïnvloed nie.

Die vraag is of die verlening van 'n verklarende bevel onvanpas en onnodig is, in die lig van mnr Van der Merwe se betoog dat eerste respondent aangedui het dat verdere onderhandelinge nog kan plaasvind? Dit blyk egter dat die applikant se bewerings dat werknemers van die respondente op 2 April 2002 aan lede van die

applikant aangedui het dat die betrokke kontrak ONONDERHANDELBAAR is, deur die eerste respondent erken word. Indien eerste respondent van plan was om (a) nie die kontrak gedurende die huidige finansiële jaar te implementeer nie, en (b) verder te onderhandel, waarom word betalings aan lede van die applikant summier vir die huidige finansiële jaar opgeskort? Eerste respondent verklaar self dat die betalings nie gemaak was as gevolg van die weiering van die applikant se lede om die kontrakte te onderteken. Hoe lank moes die applikant nou wag alvorens hy die hof nader om regshulp? In die huidige saak was daar 'n dispuut tussen die partye of eerste respondent geregtig was om in die betrokke omstandighede betaling te weerhou, en was applikant geregtig om die hof te nader ter beregting van hierdie geskil die oomblik toe dit ontstaan het.

COMPAGNIE INTERAFRICAINNE DE TRAVAUX v SOUTH AFRICAN

TRANSPORT SERVICES AND OTHERS, 1991(4) SA 217 (A) te 230I-231C;

NAPTOSA AND OTHERS v MINISTER OF EDUCATION, WESTERN CAPE, AND OTHERS 2001(2) SA 112 (K) te 125A-E.

Mnr Raath het namens die applikant betoog dat eerste respondent statutêr nie gemagtig was om aan te dring op die ondertekening van die betrokke kontrak in sy huidige vorm, as synde 'n voorvereiste vir die uitbetaling van subsidies nie. Mnr Van der Merwe het namens die respondente daarop gewys, na my mening tereg, dat vir doeleindes van goeie administrasie en bestuur, finansiële toekennings ingevolge artikel 5 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, Wet 59 van 1992 betaling in beginsel onderhewig gestel kan word aan die nakoming van sekere voorskrifte. Dit blyk duidelik uit die stukke dat van die vereistes wat eerste respondent stel ernstige probleme vir lede van die applikant kan inhou om dit sonder meer te implementeer. Alhoewel dit voorkom asof hierdie optrede ongemagtig was ingevolge bestaande wetgewing, is dit in die lig van die slotsom waartoe ek geraak het, nie nodig om met hierdie aspek, asook die ander submissies gemaak namens die applikant se advokaat, te handel nie.

Die enigste oorblywende vraag is wat 'n gepaste bevel sal wees. In die lig van die feite van die saak is ek van mening dat hierdie Hof geregtig is om die besluit

van die eerste respondent te vernietig en te vervang met 'n besluit waarkragtens die Hof sy diskresie in die plek van die eerste respondent plaas en gelas dat toekennings gemaak moet word sonder die voorgestelde voorwaardes. Artikel 8 van Wet nr 3 van 2000; **PREMIER, MPUMALANGA AND ANOTHER v EXECUTIVE COMMITTEE, ASSOCIATION OF STATE-AIDED SCHOOLS, EASTERN TRANSVAAL** 1999(2) SA 91 (CC) te 113C-I; **DOUGLAS HoëRSKOOL EN 'N ANDER v PREMIER, NOORD-KAAP, EN ANDERE** 1999(4) SA 1131 (NK) te 1148C-1149B.

Ten opsigte van koste het mnr Raath gevra dat 'n bestraffende kostebevel verleen behoort te word. Alhoewel eerste respondent se optrede, na my mening onredelik en onverantwoordelik was, is ek van mening dat die omstandighede van die saak nie 'n spesiale kostebevel regverdig nie. In die lig van die voorgaande is die applikant geregtig om die verlening van die regshulp hieronder uiteengesit. Die partye se regsverteenwoordigers was dit *ad idem* dat die suksesvolle party geregtig is op die koste van twee advokate.

Ten slotte wil ek sekere opmerkings maak wat nie op die meriete betrekking het nie. Die litigerende partye hiertoe is interafhanklik van mekaar om noodsaaklike welsynsdienste aan daardie deel van die bevolking te lewer wat kwesbaar en afhanklik is van andere se hulp, soos jong kinders en ou mense sonder heenkome, gestremdes en ander hulpbehoewendes.

Die verantwoordelikheid om hierdie dienste te lewer is primêr die eerste respondent s'n, via die Staatsmasjinerie. Volgens eie erkenning beskik die Departement tans nie oor daardie vermoë nie. Eerste respondent het dus lede van die applikant se arbeid, kundigheid en ywer nodig om haar by te staan om die Staat se sosiale verantwoordelikhede teenoor hierdie mense na te kom. Aan die ander kant benodig lede van die applikant finansiële toekennings van die Staat om noodsaaklike welsynsdienste te lewer. Die verwysing in die stukke dat hulle "vennote" is, is dus baie gepas.

Om te verseker dat die maatskaplike dienste in die Vrystaat op 'n hoë peil bly, is goeie samewerking tussen lede van die applikant en die eerste respondent van deurslaggewende belang. Die saak wat die partye dien is nie alleen edel nie, maar groter as die individue wat daarby betrokke is.

Die vorige bedeling het ook blykens die stukke ongelykhede tot gevolg gehad. So blyk dit dat van die 31 ouetehuisse alhier ter sprake, daar slegs 11 swart bejaardes is wat huidiglik van hierdie dienste gebruik maak. Duidelik is daar ruimte vir transformasie, maar dan moet dit nie gepaard gaan met 'n verlaging van standarde as gevolg waarvan die kwesbare deel van die bevolking wat dit die minste kan bekostig, daaronder ly nie. Daar rus dus 'n dure plig op die partye om die bestaande probleme oordeelkundig en verantwoordelik aan te pak en te alle tye sensitief, en met wedersydse respek, teenoor mekaar op te tree. Verder, indien die partye gereeld en sinvol met mekaar kommunikeer en behoorlik onderhandel, kan die bestaande struikelblokke uit die weg geruim word.

Bygevolg word die volgende bevele verleen:

- I. Die administratiewe besluit van die respondente om die betaling van subsidies aan lede van die applikant sedert 1 April 2002 te staak, tensy die voorgestelde kontrakte deur hul voorgehou onderteken word, word hersien, vernietig en tersyde gestel.
- I. Dit word verklaar dat die eerste responent in die omstandighede nie geregtig was om die ondertekening van die voorgestelde kontrak as voorvereiste te stel vir die uitbetaling van subsidies aan welsynsorganisasies nie en nie geregtig was om 'n voorwaarde te stel soos vervat is in klousule 5.16 van aanhangsel "WJB13" tot die funderende eedsverklaring nie.
- I. Respondente word gelas om voort te gaan met die betaling van subsidies wat reeds goedgekeur is ten aansien van elke lid van die applikant vir die fiskale jaar 2002/2003.
- I. Die respondente word gelas om die koste van die geding te betaal, insluitende die koste van twee advokate.

**SPB HANCKE,
R**

Namens Applikant : Adv RJ Raath SC
lov Bygestaan deur Adv JI du Toit
Schoeman Maree

Namens Respondente : Adv CHG van der Merwe SC
lov Bygestaan deur Adv SA Nthai
Die Staatsprokureur

/Jacobs